

JJ en RSG

Garden World's JJ van Rensburg met Derrich Gardner

Luister graag elke Saterdag oggend op RSG na JJ met Derrich Gardener

02 01 2010

Dis 'n nuwe jaar en almal kan nie wag om iets in hulle tuine te doen nie.

Hierdie tyd van die jaar is daar darem nie groot harde werk om in die tuin te doen nie, maar die onderhoud hou nooit op nie. Onkruide in die beddings moet gereeld uitgetrek word veral voor hulle saad skiet.

Maak jou tuin gereeld en deeglik nat en onthou om dit vroeg in die oggend of laatmiddag te doen.

Een ding wat 'n mens nou in die middel van die somer moet doen is om jou rose 'n mid somer snoei te gee. Hoe jy te werk gaan is om die plante so ongeveer 1/3 de terug te sny. Dan haal jy al die blare van die plante af en breek ook die roos knoppe af. Die blare wat om die plante geval het moet ook verwyder word. Al die takke wat dikker as 'n potlood is, moet geseël word en dit kan gedoen word met Steriseal wat ook 'n fungusdoder bevat. Sodra dit alles gedoen is, spuit jy die plante met 'n fungusdoder soos funginex en maak seker dat jy ook die grond om die plante spuit. So 'n dag of twee later kan jy dit spuit met Oleum wat al die insek probleme soos rooispinmyt, plantluise, dopluise, wolluise en ook ander myte soos knopmyt vir jou in toom sal hou.

So gepraat van myte. As jou gewone karee op die oomblik sulke knoetse op die einde van die takke op die blare maak, is dit nie krul blaar nie. Blaaspootjie of knopmyte sal die sondebok wees. Om vas te stel wat eintlik die oorsaak is vat jy sommer 'n gewone stuk A4 wit papier, breek die laaste knoets af en tik dit teen die papier. Dan sal jy sommer onmiddelik sien wat die probleem is en dan weet jy ook waarvoor jy moet behandel. Jy mag dalk 'n vergrootglas nodig hê om dit te sien. 'n Ander plant wat ook vinnig tekens op die oomblik van jou bladvlooie of knopmyte toon is jou kiepersolle. As die blare van die plant gekreukeld uit kom is dit die knopmyt maar as die blare met knoppies uitkom is dit bladvlooie.

Ek het twee weke gelede gepraat van die spuit van onkruide in jou tuin. Dit is baie belangrik om jou spuitkan behoorlik uit te was om seker te maak jy spuit nie 'n onkruiddoder op jou blomplante nie. Die ideaal is natuurlik om twee spuitkanne te hê. Een vir onkruiddoders en een vir insek/fungusdoders.

09 01 2010

Dis lekker warm en ons is gesen met lekker baie reen oor 'n groot gedeelte van die land.

Ek kry deesdae baie die vraag oor wat 'n mens moet doen met jou agapanthus as klaar geblom het. As jy nie die saad wil groei nie, hoef jy nie die blomme op die plante te los as dit onnet lyk nie. As jy wel die sade wil groei moet jy wag tot

die sade aan die blomstele begin verkleur voor jy dit afsny. Sou jy ook die plante wou opbreek is dit beter om dit oor om en by April maand te doen.

Saailinge soos byvoorbeeld Afrikaners, vygies, grasangeliere en salies moet gereeld sfgebreek of teruggesny word om die plante in blom te hou. Selfs jou Hibiskusse moet gereeld teruggesny word en kyk uit vir roes, swartvlek en poaieragtige meeldou op die Hibiskusse. Naturlik sal iets soos Funginex wat 'n sistemiese fungusdoder is die beste daarvoor werk.

Ek het verskeie oproepe gehad van mense wat my gevra het om net weer die proses van die mid somer roos snoei te verduidelik. Natuurlik is dit die maklikste manier om van siektes soos swartvlek en poeieragtige meeldou vinnig ontslae te raak. Een ding wat 'n mens nou in die middel van die somer moet doen is om jou rose 'n mid somer snoei te gee. Hoe jy te werk gaan is om die plante so ongeveer 1/3 de terug te sny. Dan haal jy al die blare van die plante af en breek ook die roos knoppe af. Die blare wat om die plante geval het moet ook verwyder word. Al die takke wat dikker as 'n potlood is, moet geseël word en dit kan gedoen word met Steriseal wat ook 'n fungusdoder bevat. Sodra dit alles gedoen is, spuit jy die plante met 'n fungusdoder soos funginex en maak seker dat jy ook die grond om die plante spuit. So 'n dag of twee later kan jy dit spuit met Oleum wat al die insek probleme soos rooispinmyt, plantluise, dopluise, wolluise en ook ander myte soos knopmyt vir jou in toom sal hou.

Baie mense kom vra my raad oor hulle konifere wat vrek. Daar is twee meer algemene siektes wat gewoonlik die konifere aanval en dit help nie jy bepaal nie die siekte voor jy dit probeer behandel nie. Eerste van alles moet jy kyk waar die boom vrek. As die boom van onder af boontoe vrek is dit tien teen een wortelvrot en dit gaan gewoonlik gepaard met die boom wat onder langs droog en stowwerig word. Die ander siekte is as die bome se blare swart en taai word en die boom vrek deur die plant plek - plek in gedeeltes tot bo in die plant. Dit is gewoonlik tekens van plantluise wat die boom aanval en die taai gedeeltes is die platluise se afskeiding. Miere wat dan ook te siene is is tekens van simbiose want die miere dra die plantluise rond en leef vreet dan die soet afskeiding.

16 01 2010

More aan al ons luisteraars. Dis 'n lekker bloedige warm tyd van die jaar. Een van die onderwerpe wat nou deesdae baie opkom is hoeveel of hoe gereeld moet 'n mens jou orgidee natmaak. Nou soos jy weet is orgidee epifiete wat lugwortels het. Oor die algemeen moet 'n mens nie die plante met lugwortels elke dag natgooi nie anders sal hulle wegvrot. So wat jy kan doen om dit vir jou makliker te maak is om die plant op 'n groterige piering te sit, maar maak eers die piering vol klippe of gruis. As jy dan die plant natmaak sal die plant nie in water staan nie, maar op die gruis. Dit gaan ook die onmiddelikke omgewing om die plant meer vogtig maak en wat dit beteken is dat die plant nie baie gereeld matgemaak hoef te word nie.

Een van die interessantste insekte wat nou kop uitsteek is die Mopanie wurms. As jy so gelukkig is om hulle in jou tuin op jou kiepersolle te hê, is dit nie noodwendig nodig om 'n gifstof uit te ruk en die hele boom te spuit nie. Dis dood normaal vir die wurms om meeste van die blare van die plant weg te vreet en die boom se blare soos visgrate te los. Die wurms sal binne 'n paar dae klaar gevreet wees en weg wees.

Die rose moet ten minste een keer elke drie weke voorkomend met Rosecare gespuit word. Dit sal help om swartvlek, poeieragtige meeldou en plantluise stop te sit.

Luisbos is een van die indringer plante wat nou in saad is en die sade moet nou gepluk word voor die voëls die vrugte vreet en die sade weer orals versprei word. Vir die mense wat nie wee twat 'n luisbos is nie, die 'n onkruid wat so ongeveer 3m hoog kan groei, groot harige blare het wat geweldig stink as 'n mens dit breek. Maak seker jy kap die bos uit as jy kan om dit sommer in sy voetspoor te stuit.

Onthou as jy jou druiwe 'n beter geur wil gee moet jy dit nie te vroeg pluk nie. Gee die plante minder water soos dit ryp word en dan sal jy sommer sien die vrugte verkleur effens en sal dit ook baie soeter wees.

Ek noem dit altyd datjy jou saailinge moet terugsny om dit langer te laat blom mar goed soos salies kan eintlim nou in die helfte gesny word. Die plante sal dan weer bos en elke nuwe takkie wat uitloop sal vir jou 'n nuwe blom ook gee.

Slaaiblare kan nie die hitte van die somermaande hanteer nie en dis ook hoekom jy nou die plante in die semi skaduwee moet plant. Blaie mense dink hulle gebruik die verkeerde voeding op die plante of dat die plante te veel son en te min water kry en dat dit die groot rede is hoekom die slaaiblare bitter is. Dis natuurlik glad nie waar nie. Die plante se smaak word bitter soos die plante ouer word en die blare verouder, so wat jy moet doen om die smaak beter te kry is om die plante meer gereeld te pluk.

30 01 2010

Plante soos byvoorbeeld jou Fuchsias wat geweldig baie blomme nou in die warmer mande uitstuur het nie net baie kos nodig nie, maar wel ook baie ontknopping. Jy kan jou Fuchsias met twee kunsmisse afwisel om dit vol in blom te hou. Die eerste is natuurlik iets vir die loof en daar kan Seagrow of Nitrosol gebruik word en dan ook iets vir die blomme en hier sou ek 'n oplosbare 3:1:6. Jy kan jou plante een keer per week voer en elke week die twee met mekaar afwissel. Die groot ding met die onknopping is dat jy gedurig die dooie knoppe moet afbreek voor dit saad vorm en ophou blom.

Met al die reen wat ons kry groei die grasperke so vinnig dat sodra jy dit nie gereeld genoeg sny nie, sny die plante tot

op die stamme en sit jy met baie wit kolle orals oor die grasaperk. Al wat jy kan doen as jy jou gras op sy beste wil hou is om dit twee keer per week te sny en nou 'n kunsmis hoog in stikstof soos 'n stadig vrystellende 3:2:1 neer te sit. Die 3:2:1 sal die kleur en die gehalte van die gras regkry maar die forseer om wortels en stamme te vorm in plaas van nog ekstra loof. Dia andfer ding waarvoor jy nou in die somermaande moet uitkyk op jou grasperk is grasperk ruspes. Jy sal grasperk ruspes kry vanaf nou tot en met Maart. 'n Ou boereraat om te kyk of jy wel grasperk ruspe probleme het is om 'n handoek of 'n goiingsak te vat, nat te maak en op die grasperk in die aand te laat lê. Sodra jy dan die volgende oggend die handdoek om draai sal jy die insekte sien wat wel in jou gras lewe en of hulle nadelig is of nie. As jy wel probleme het met grasperk ruspes en jy wil daarteen behandel moet jy Malathion gebruik. Jy kry ook 'n 4:1:1 kunsmis wat klaar met Karbaspray gemeng is so jy kan die gras voer en terselfdetyd die wurms doodmaak. As jy in die binneland bly waar dit nou so onophoudend reën en jou gras is vol kolle wat sporadies orals ontwikkel, is dit tien teen een fungusse wat die gras anval en daarvoor moet jy Bravo gebruik.

Ek kry baie mense wat my bel met dopluise op hulle aalwyne en broodbome. Oleum is 'n olie gebasseerde gifstof wat jy op die plante kan gebruik en sodoende die dopluise versmoor. Onthou net dat as die dopluise wel dood is, gaan hulle nie net afval nie, so jy moet maar mooi kyk of hulle wel nog lewendig is voor jy weer spuit.

tuis&home

EFEKTO For Life